## Luiperds Kampnuus:

**Seekoeigat Lapa**
7 Februarie  - 1 Maart 2015

Wat 'n lekkerte!!!! Maak nie saak hoe 'n mens daarna kyk nie, die Luiperds het weereens lekker saam gekamp.

Vrydag 27 Februarie 2015 arreveer die eerste van ses Woonwaens by Seekoeigat Lapa waarna die res van die kamp geselskap so stuk-stuk arreveer. Ans en Phillip kon die kamp ongelukkig nie mee maak nie a.g.v die afsterwe van hul swaer (André van Wyk van Streek Panorama). Ons wil net ons innige meegevoel aan hulle oordra. Op die einde het daar agt Luiperds en een Gas (Org en Petricia) gekamp. Dit is onbeskryflik lekker om so in die natuur saam met ons Sawa vriende en familie te kon kamp. Dit was gewis weereens 'n baie lekker kamp. Daar was toe ook altesaam ses welpies teenwoordig. Die kampkommandante het almal welkom geheet met 'n verrassing.

Om 18:30 is daar soos gewoonlik eers boeke gevat, gegroet en gekuier asof ons mekaar 'n jaar laas gesien het. Johan en Elmarie Opperman met Francois en Rina Storm was die kampkommandante vir die naweek en glo my dit was weereens 'n maklike taak aangesien die ouens wat saam gekamp het nie regtig ons dienste nodig gehad het nie en dus was die kamp lekker rustig. Vrydag aand het ons as 'n groep saam worsbroodjies gemaak (elkeen het sy eie wors gebring en gebraai) en so gesorg vir iets vir die maag waarna almal maar vroeg gaan inkruip het om lekker uit te rus vir die "GROOT" visvang wat vir Saterdag beplan was.

Saterdag oggend is die dag ook soos gewoonlik met boekevat begin, die program vir die dag bespreek en daarna het die groot visvang kompetisie begin. Flink is daar geregistreer waarna elkeen sy eie visvang vernuf op die proef gestel het. Van oud tot jonk, glo my almal het aan die visvang kompetisie deelgeneem. Party kinders het toe ook 'n "marshmellow" vis uitgetrek aangesien die regte vis net nie wou byt nie. Die res het ook 'n lekker sonbrand gevang maar daar was die gelukkiges onder ons wat darm so 'n vissie gevang het al was dit nou na die sluiting van die kompetisie en nogals 'n 2.2kg Rooi Oog Modderbek – Mooi JW en Org.

So tussen die visvang deur is daar ook aan snoeperye gepeusel terwyl Johan Opperman ook 'n kolgooi kompetisie gehou en daar het Maryke en Ian as die wenners uit die stryd getree aangesien hulle die naaste aan die teiken was. Johan de Kock het die teiken raak gegooi maar verder weg gespat jammer Johan! Na die uitdeel van die pryse het almal maar rustig verder gekuier. Die aand is daar lekker om die braaivleis vure gekuier waarna elkeen die bed gaan opsoek het vir 'n lekker nagrus na die dag se gewoel om die water. Party het sommer op die radio na die rugby wedstryde van die naweek geluister.

Sondag oggend het Johan Opperman soos gewoonlik vir ons die boekevat hanteer en weereens 'n voortreflike boodskap gebring (Dankie Johan jy bly maar 'n kampioen) waarna daar afsluiting gehou is. Peet en Elain Venter het toe ook met die kamp hulle 120ste Streek meriete plaatjie ontvang, baie geluk met die prestasie julle is voorwaar regte kampers!!! Daarna het Ouma "Sweetie" weer niemand oor die hoof gesien nie. Johan Opperman het die Groot Vark gekry omdat hy ons nou vir die 3de keer na dieselfde plek gevat het en nog steeds is daar nie vis nie. Lizinda en Vinkie het die Mieta gedeel met JW wat dan die windpomp gekry het. Na afsluiting het Johan en Lizinda ons verlaat net om verder te gaan kamp en dit nogals in die wildtuin, terwyl die res van ons, party by die Spur en ander nog eers ontbyt by die kamp gemaak het voordat daar lui lekker opgepak is om huiswaarts te keer.

Aan almal wat saam gekamp het sê ons baie dankie vir julle betrokkenheid en samesyn. Dit was voorwaar 'n lekker kamp, onthou die volgende een is by Badplaas, bespreek vroegtydig sodat julle nie uitmis nie! Sien julle daar.

Tot 'n volgende keer

Luiperd Groete
Johan en Elmarie Opperman en Francois en Rina Storm



Die oord was vol van die klein paddatjies



Die visser manne in aksie



Die rooi oog modderbek vis wat deur JW gevang is



Die groot mense leer visvang terwyl die kinders “marshmallow” visvang



Die prysuitdeling na die visvang kompetisie



Visvang is hardewerk



Sondag oggend se afsluiting



Ons trofee ontvangers



Die kampkommandante



Die verjaarsdag maatjies wat die naweek saam gekamp het



Ons gaste



Peet en Elaine Venter ontvang hulle 120ste Streek meriete plaatjie